# HOOFSTUK 6

## VERLOOP EN RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 6.1 INLEIDING

In hoofstuk vyf is die moontlikhede wat die musiekterapieprogram bied reeds in paragraaf 5.7.2 toegelig. In hierdie hoofstuk word die verloop van die terapieprogram in besonderhede ten opsigte van elk van die sewe proefpersone bespreek.

Omdat hier met individuele proefpersone gewerk word wat elkeen sy unieke omstandighede het wat 'n eie diagnose en terapieprogram noodsaak, is van 'n ideografies-beskrywende metode in die empiriese ondersoek gebruik gemaak.

Ten einde 'n volledige beeld van elke proefpersoon te kon vorm, is klasonderwysers versoek om punte van elke vak te verstrek en om vraelyste, waaruit tekortkominge in die proefpersone se skoolvordering vasgestel kan word, te voltooi. Daarbenewens is die proefpersone aan intelligensie-, skolastiese, perseptuele sowel as selfontwerpte toetse onderwerp, ten opsigte waarvan die resultate toegelig sal word.

Om vas te stel of die musiekterapieprogram 'n invloed op die betrokke proefpersone se skoolvordering gehad het, is die klasonderwyseresse se waarneming van elke proefpersoon na afloop van die terapieprogram weer bekom, hulle vakpunte met punte wat hulle voorheen behaal het vergelyk, en is die toetsbattery herhaal. Die resultate van die twee toetsings is daarna met mekaar vergelyk.

In ooreenstemming met die betrokke skoolbeleid waar die program aangebied is, is van 'n vyfpuntskaal in alle tabelle in hierdie hoofstuk gebruik gemaak. Vyf is die swakste en een die hoogste puntetoekenning.

Die vordering van elke proefpersoon is geëvalueer en aan die einde van die bespreking word die sukses (al dan nie) van hierdie program in oënskou geneem.

## 6.2 VERLOOP VAN DIE TERAPIEPROGRAM

Vervolgens word die individuele aanbieding en verloop van die terapieprogram aan die sewe proefpersone volledig bespreek.

### 6.2.1 PROEFPERSOON A

#### 6.2.1.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon A is 'n negejarige standerd-een seun. Hy is die oudste seun in die gesin, die middelste van drie kinders. Sy intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 98 met 'n nie-verbale telling van 106 en 'n verbale telling van 90.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Die proefpersoon is fisiek 'n gesonde leerling wat nog nooit ernstige siektetoestande of traumatiese ervarings beleef het nie.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Die proefpersoon kom uit 'n gemiddelde sosio-ekonomiese milieu waar die vader daaglikse arbeid verrig en die moeder 'n huisvrou is wat reg aan die opvoeding van haar kinders laat geskied. Teenoor die proefpersoon wat akademies nie sterk vertoon nie, staan 'n ouer suster wat bo die gemiddelde presteer. Hierdie feit word op volwasse wyse deur beide ouers aanvaar en die kinders word dus tereg nie met mekaar vergelyk nie.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Die proefpersoon toon 'n opvallende agterstand wat lees, spelling en Wiskunde betref. Die akademiese beeld word volledig in tabel 6.1,p.144 aangetoon.

Dit blyk dat die proefpersoon in geen vak die klasgemiddeld handhaaf nie. Die grootste agterstand word in lees ondervind, waar die klasgemiddeld 1,7 is teenoor die proefpersoon se 5,0 volgens die vyfpuntskaal soos in skole geïmplementeer. Spelling en Wiskunde toon ook 'n betekenisvolle agterstand (vgl. tab. 6.1,p.144).

6.2.1.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels die probleemareas van Proefpersoon A uitgelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die klasonderwyseres het die proefpersoon se swak leesvermoë en onvermoë om korrek te spel benadruk. Hierdie gegewens hou verband met die proefpersoon se vakpunte (tab. 6.1,p.144).

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die musiekterapie afgeneem en die resultate word in tabel 6.2,p.146 verstrek.

* *Ballardtoets*

Uit hierdie gegewens (tab. 6.2,p. 146) blyk dit dat die proefpersoon onder die gewenste norm presteer het met die grootste agterstand in aftreksomme. Hoewel hy nege jaar oud is, is sy prestasie gelyk aan dié van 'n sewejarige.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van hierdie toetse (tab. 6.2,p.146) toon Proefpersoon A 'n beduidende agterstand wat sy leesvermoë, leesspoed en spelvermoë betref. Hierin lewer hy die prestasie wat van 'n agtjarige verwag word.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.2,p.146) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman die vereiste telling. In die onderafdelings van Frostig se visuele persepsietoets voldoen die proefpersoon aan die norms van die oog-handkoördinasie, voorgrond-agtergrond-onderskeiding en vormwaarneming. Wat die posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe in die ruimte betref, toon die proefpersoon agterstande. Ten opsigte van eersgenoemde afdeling lewer hy die verwagte telling van 'n sewejarige en in laasgenoemde afdeling behaal hy die telling van 'n agtjarige.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3). Die aandag word slegs op enkele van die belangrikste aspekte van die proefpersoon se prestasie in hierdie toetse gevestig (tab. 6.3,p.148).

Dit blyk uit die toetse dat die proefpersoon tegnies swak lees, hoewel sy leesbegrip goed is.

Opeenvolging van letters verwar hom en met 'n toets in opeenvolging van klanke behaal hy derhalwe geen punte nie. Dit is waarskynlik die oorsaak waarom hy met spelling en lees probleme ondervind.

Hy skryf leesbaar maar onnet, wat tydens die terapieprogram deur die ontwikkeling van spierbeheer behoort te verbeter.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Posisie in die ruimte, verhouding van voorwerpe in die ruimte en veral visuele en ouditiewe opeenvolging van klanke (letters en syfers) veroorsaak by hierdie proefpersoon probleme wat sy skoolvordering rem.

6.2.1.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in paragraaf 6.2.1.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon A 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en die aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is in sy geheel met die proefpersoon deurgewerk, met spesiale beklemtoning van die opeenvolging van klanke, byvoorbeeld by die aanleer van die musiekalfabet. Spesiale aandag is aan gehoortoetse (par. 3.8.3.3), waar op verskillende nootwaardes en die nasê daarvan in Franse tydname, gekonsentreer is, geskenk. Verder is op die bepaling van posisie in die ruimte, byvoorbeeld deur die vind van toonhoogtes van geskrewe note op die notebalke en links-regsoriëntasie klem gelê.

(b) *AANBIEDING*

Aangesien die proefpersoon 'n onvermoë om goed in te kleur openbaar, het hy aanvanklik geweier om die eerste inkleurprent te voltooi. Die rede hiervoor kan wees dat hy nie oor genoeg deursettingsvermoë beskik nie. Motoriese ontoereikendheid mag ook hierby 'n rol speel. Die tweede inkleurprent is sonder weerstand voltooi, hoewel die gehalte van die inkleurwerk nie noemenswaardig in vergelyking met die eerste poging verbeter het nie.

Die motivering om die klavier te leer bespeel, het hom spoedig die musieknotasie suksesvol laat vertolk. Hoewel hy aanvanklik probleme met die musiekalfabet (opeenvolging van klanke en letters) geopenbaar het, is dit geleidelik bemeester. Verwarring van die linker- en regterhandnotasie het voorgekom, wat opgelos is deur klem op die korrekte interpretasie hiervan te lê.

Die klap van ritmepatrone is korrek uitgevoer.

Die musiekspeletjies waarin selde foute begaan is, het byval gevind en die gehoortoetse is stap vir stap bemeester.

Weglating van note het voorgekom, waarskynlik as gevolg van gebrekkige konsentrasie, wat herstel is nadat die proefpersoon se konsentrasievermoë na voltooiing van die program verbeter het.

Met die gebruik van albei hande vir die speel van klavierstukke is ernstige probleme ervaar wat moontlik aan links- en regsverwarring toegeskryf kon word. Met herhaalde oefeninge is hierdie probleem oorkom.

6.2.1.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die proefpersoon toon meer deursettingsvermoë as voorheen. Uit sy optrede in klasverband blyk dit dat sy selfbeeld verbeter het.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.1 word die vakpunte van Proefpersoon A verstrek.

TABEL 6.1

ŉ VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON A TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | | | | | | |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal - en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| PROEF-PERSOON A | Eerste | Klas-gemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 5,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -3,3 | -1,0 | -2,2 | -1,2 | -0,6 | -2,0 | -1,0 | -1,2 | -0,5 | -1,0 |
| | Tweede | Klas-gemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -1,2 | -1,0 | -1,0 | -0,8 | -1,0 | -1,3 | +0,4 | 0,0 | -0,1 | +0,2 |
| | Verskil | T.o.v. klas-gemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proef-persoon | +2,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 |
| | | T.o.v. posisie van proef-persoon | +2,1 | 0,0 | +1,2 | +0,4 | -0,4 | +0,7 | +1,4 | +1,2 | +0,4 | +1,2 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word, is dat punte vir lees die meeste verbeter het. Geen punte het gedurende hierdie periode gedaal nie en Wiskunde-, skrif- en spellingpunte het verbeter. Dit is veelseggend as in gedagte gehou word dat die hoeveelheid akademiese werk tydens die terapie aansienlik vermeerder het. Hoewel die punt vir Engels nie gedaal het nie, het die klasgemiddeld verbeter, met die gevolg dat die agterstand van die proefpersoon in der waarheid vergroot het.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

In tabel 6.2 word die resultate van hierdie toetse verstrek.

TABEL 6.2

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE:
PROEFPERSOON A

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond- agtergrond-onderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 19 | 14 | 40 | 68 | 35 | 60 | 19 | 20 | 13 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON A (9 jaar) | Eerste | 18* (8jr) | 9 (7jr) | 35 (8jr) | 55 (8jr) | 28 (8jr) | 60 | 23 | 20 | 14 | 7 (7jr) | 7 (8jr) |
| | Tweede | 19 | 10 (8jr) | 40 | 62 (8,5jr) | 32 (8,5jr) | 60 | 23 | 20 | 15 | 7 (7jr) | 7 (8jr) |
| | Verskil | +1 | +1 | +5 | +7 | +4 | 0 | 0 | 0 | +1 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak vir die betrokke ouderdom is die ouderdomsekwivalent van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.2:

* *Ballardtoets*

Bogenoemde toetsresultate toon dat die proefpersoon na terapie wel die vereiste normpunte vir die optelsomme behaal het, maar nie die verwagte peil vir aftreksomme bereik het nie. Sy prestasie hierin is nog steeds dié van 'n agtjarige.

* *Lees- en speltoetse*

Hoewel Proefpersoon A slegs vir leesvermoë gedurende die tweede meting op normvlak gekom het, toon die tabel dat daar 'n aansienlike verbetering ten opsigte van sy leesspoed en spelling ingetree het, hoewel hy in hierdie afdelings steeds die prestasie van 'n agtjarige gehandhaaf het.

* *Perseptuele toetse*

Uit die tabel kan afgelei word dat die proefpersoon se ouditiewe diskriminasie reeds tydens die eerste meting na wense was. Afdelings van die visuele persepsietoets van Frostig waar hy geen verbetering getoon het nie en dus nie aan die vereistes vir sy ouderdomsgroep voldoen het nie, was die bepaling van posisie in die ruimte, waarin hy die punt vir 'n sewejarige gehandhaaf het, en die verhouding van voorwerpe in die ruimte, waarin hy 'n agtjarige se prestasie gelewer het, wat 'n moontlike oorsaak van swak skrif, spelling, lees en Wiskunde kan wees.

## (d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse is in die volgende tabel uiteengesit.

TABEL 6.3

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON A

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agter-grondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEF-PERSOON A | Maksimum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 5 | 8 | 4 | 10 | 10 | 8 | 0 | 10 | 10 | 8 | 7 | 4 | 10 | 10 | 5 |
| | Tweede | 6 | 8 | 6 | 10 | 10 | 8 | 8 | 10 | 10 | 8 | 7 | 8 | 10 | 10 | 7 |
| | Verskil | +1 | 0 | +2 | 0 | 0 | 0 | +8 | 0 | 0 | 0 | 0 | +4 | 0 | 0 | +2 |

ŉ Verbetering ten opsigte van lees (10%), spelling (20%) en skrif (20%) kom uit hierdie tabel aan die lig. Opeenvolging van klanke verbeter met 80% en visuele analise en sintese toon ŉ 40%-styging.

(e) *SAMEVATTING*

Die selfbeeld van die proefpersoon het baie verbeter, wat waarskynlik aan die invloed van die terapieprogram toegeskryf kan word, aangesien die verbetering ingetree het namate hy in sy terapieprogram sukses ervaar het. Hy kon ook beter en oor 'n langer periode konsentreer en dit behoort sy toekomstige skoolvordering oor die algemeen te baat, terwyl sy skoolwerk na afloop van die terapieprogram reeds 'n betekenisvolle verbetering getoon het (vgl. tab. 6.1,p.144). Die feit dat die proefpersoon gedurende die terapieprogram bevredigend gevorder het en teen die einde van die program reeds in staat was om 'n kort klavierstuk met albei hande gelyk te kon uitvoer, wat algehele konsentrasie vereis, dui daarop dat die akademiese vordering moontlik met die terapieprogram verband hou.

6.2.2 PROEFPERSOON B

6.2.2.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon B is 'n negejarige aangenome dogter in standerd een. Haar pleegouers het nog 'n jonger aangenome dogter wat nie familie van die proefpersoon is nie. Haar intelligensiekwosiënt is volgens die Fickskaal 109 (vgl. par. 5.5.3.1(b)).

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Die proefpersoon is fisiek nie 'n gesonde kind nie. Sy het onder andere reeds 'n oogoperasie, waartydens haar oogspiere verkort is, gehad. Ten spyte hiervan neem sy aan atletiek deel wat bewys dat sy nie agter haar gesondheidsprobleme probeer skuil nie.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Die proefpersoon se pleegouers is geskei. Sy woon by die moeder, vir wie sy groot agting en respek toon. Die moeder verrig beroepsarbeid om in die gesin se behoeftes te kan voorsien en is daarom lang ure uithuisig waartydens die twee susters in die sorg van hulle grootouers gelaat word. Die vader is weer getroud en toon geen belangstelling in die kinders nie.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Die enigste vakke waarin 'n beduidende agterstand waarneembaar is, is in Engels en Wiskunde (vgl. tab. 6.4,p.154), waar die proefpersoon onderskeidelik 4,0 en 3,0 teenoor die klasgemiddeld van 2,4 en 2,0 behaal.

6.2.2.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal die probleemareas van Proefpersoon B na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels toegelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die klasonderwyseres het gemeld dat die proefpersoon geweldig gespanne voorkom. Emosionele spanning kan daarom die oorsaak van swak vordering veral ten opsigte van Engels en Wiskunde wees. Haar werk is egter besonder netjies en sy is uiters pligsgetrou. Hierdie gegewens stem met die vakpunte ooreen (vgl. tab. 6.4,p.154).

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Die skolastiese en perseptuele toetse se resultate word in tabel 6.5,p.156 verstrek.

* *Ballardtoets*

Dit blyk uit tabel 6.5,p.156 dat die proefpersoon slegs ten opsigte van aftreksomme 'n agterstand toon. Sy behaal hierin die prestasie van 'n agtjarige, terwyl sy reeds nege jaar oud is.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van die toetse (tab. 6.5,p.156) toon Proefpersoon B 'n agterstand wat haar leesvermoë betref. Haar prestasie is hierin aan dié van 'n agtjarige gelyk. Leesspoed en spelling is op normvlak.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.5,p.156) behaal Proefpersoon B in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman die vereiste telling. In die onderafdelings van Frostig se visuele persepsietoets voldoen sy slegs aan die norm van die oog-handkoördinasie-subtoets. Ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding, vormwaarneming, posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe in die ruimte toon die proefpersoon agterstande. Sy lewer die prestasie van 'n sesjarige in voorgrond-agtergrondonderskeiding en in posisie in die ruimte, en by vormwaarneming die verwagte telling vir 'n sewejarige. Ten opsigte van verhouding van voorwerpe in die ruimte is haar prestasie gelyk aan dié van 'n agtjarige.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Dié resultate word in tabel 6.6,p. 158 aangebied. Geen beduidende agterstand kon hierin vasgestel word nie. Die swakste punte (60%) is in lees behaal, terwyl sy in alle ander vakke 'n punt bo 70% gehandhaaf het. Tydens die afneem van die toetse was die proefpersoon sigbaar gespanne en het sy gehuiwer voordat sy opdragte uitgevoer het.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Emosionele spanning rem die proefpersoon se vordering. Dit blyk ook uit haar optrede dat sy oor 'n baie swak selfbeeld beskik. Die agterstand ten opsigte van Wiskunde mag met die feit dat sy vroeër swakker gesien het en die redelike lang afwesigheid tydens die oogoperasie gedurende die vorige skooljaar, verband hou wat die spanningstoestand waarskynklik verder verhoog het.

6.2.2.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in paragraaf 6.2.2.2(e) vasgestel is, is 'n spesifieke terapieprogram vir Proefpersoon B beplan. Die beplanning en aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is stelselmatig deurgewerk. Daar is deurgaans gepoog om geleenthede te skep waarin die proefpersoon sukses in 'n ontspanne atmosfeer kon ervaar.

(b) *AANBIEDING*

Sy het geen definitiewe probleme ondervind nie en die hele program, soos in die werkboek vervat, deurgewerk. Daar is egter deurgaans gepoog om haar te laat ontspan terwyl sy werk en sy het na wense daarop gereageer.

Die proefpersoon het aanvanklik gespanne tydens die lesse voorgekom. Sy het slegs op vrae wat aan haar gestel is geantwoord.

Sy het haar opdragte besonder getrou, netjies en korrek uitgevoer. Later, namate sy die leerstof begin bemeester het en sukses kon ervaar, het sy meer ontspanne voorgekom.

6.2.2.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die proefpersoon kom minder gespanne in die klas voor en toon ook meer selfvertroue asook 'n verbetering in konsentrasievermoë. Haar punte vir Afrikaanse stelwerk en Wiskunde het verbeter (vgl. tab. 6.4,p.154).

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.4, p.154 word die vakpunte van Proefpersoon B verstrek.

TABEL 6.4

'n VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON B TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | | | | | | |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| PROEF-PERSOON B | Eerste | Klas-gemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 4,0 | 3,0 | 2,0 | 1,0 | 2,0 | 1,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -0,3 | 0,0 | -0,2 | -0,2 | -1,6 | -1,0 | 0,0 | +0,8 | +0,5 | +1,0 |
| | Tweede | Klas-gemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 1,0 | 4,0 | 1,0 | 2,0 | 1,0 | 2,0 | 1,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -0,2 | 0,0 | 0,0 | +1,2 | -2,0 | +0,7 | +0,4 | +1,0 | -0,1 | +1,2 |
| | Verskil | T.o.v. klas-gemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proef-persoon | 0,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| | | T.o.v. posisie van proef-persoon | +0,1 | 0,0 | +0,2 | +1,4 | -0,4 | +1,7 | +0,4 | +0,2 | -0,6 | +0,2 |

Afleidings wat uit dié tabel gemaak kan word is dat Afrikaanse stelwerk en Wiskunde die grootste verbetering toon. Vir Afrikaanse stelwerk het haar punte van 2,0 na 1,0 en vir Wiskunde van 3,0 na 1,0 opgeskuif. Geen punte het gedurende die periode gedaal nie. Hoewel haar punt in Engels en skrif konstant gebly het, het die klasgemiddeld verbeter, met die gevolg dat die agterstand van die proefpersoon ten opsigte van die klasgemiddeld daardeur vergroot het.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

In tabel 6.5 word die resultate van hierdie toetse verstrek.

TABEL 6.5

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE: PROEFPERSOON B

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond-agtergrondonderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 18 | 14 | 43 | 72 | 37 | 60 | 19 | 20 | 13 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON B (9 jaar) | Eerste | 18 | *12 (8jr) | 36 (8jr) | 85 | 38 | 60 | 20 | 17 (6jr) | 11 (7jr) | 6 (6jr) | 7 (8jr) |
| | Tweede | 20 | 16 | 46 | 87 | 41 | 60 | 27 | 19 (8jr) | 13 | 6 (6jr) | 7 (8jr) |
| | Verskil | +2 | +4 | +10 | +2 | +3 | 0 | +7 | +2 | +2 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak vir die betrokke ouderdom is die ouderdomsekwivalent van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.5,p.156:

* *Ballardtoets*

Bogenoemde toetsresultate toon dat die proefpersoon na terapie wel die vereiste norms in beide afdelings bereik het. Aftreksomme wat aanvanklik nie aan die vereiste norm voldoen het nie, het in so 'n mate verbeter dat dit tydens die finale meting oortref is.

* *Lees- en speltoetse*

Die proefpersoon se leesspoed en -vermoë het in so 'n mate verbeter dat sy in albei afdelings na terapie 'n hoër prestasie as die normvlak gehandhaaf het. Waar sy tydens die eerste toetsing 'n agtjarige se leesvermoë weerspieël het, is die agterstand ingehaal. Spelling het verder verbeter hoewel hierdie afdeling reeds tydens die eerste meting 'n hoër telling as die vereiste norm opgelewer het.

* *Perseptuele toetse*

Uit die tabel kan afgelei word dat die proefpersoon se ouditiewe diskriminasie na wense is. Afdelings van die visuele persepsietoets van Frostig waar sy nog steeds nie aan die vereistes vir haar ouderdomsgroep voldoen het nie, is voorgrond-agtergrondonderskeiding, posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe in die ruimte. By eersgenoemde twee afdelings, naamlik voorgrond-agtergrondonderskeiding en vormwaarneming, het 'n verbetering ingetree met die tweede meting, wat vormwaarneming op normvlak gebring het en die prestasie van 'n sesjarige ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding verhoog het na dié van 'n agtjarige. Ten opsigte van posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe in die ruimte het geen verbetering ingetree nie en bly die proefpersoon se prestasie onder normvlak, waarin sy slegs die prestasie van 'n sesjarige en 'n agtjarige onderskeidelik handhaaf.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van die selfontwerpte toetse word in die volgende tabel uiteengesit.

TABEL 6.6

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON B

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agtergrondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEFPERSOON B | Maksimum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 6 | 10 | 8 | 10 | 10 | 8 | 7 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 9 |
| | Tweede | 8 | 10 | 8 | 10 | 10 | 8 | 8 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 9 |
| | Verskil | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | +1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat leesvermoë 'n verbetering van 20% en ouditiewe opeenvolging van klanke 'n styging van 10% toon. In alle ander afdelings het die punte konstant gebly.

(e) *SAMEVATTING*

Behalwe die verbetering in Afrikaanse stelwerk en Wiskunde het die proefpersoon nie 'n noemenswaardige verbetering in ander skoolvakke getoon nie. Haar werksinstelling het egter as gevolg van 'n moontlike verbeterde selfbeeld, verskerpte konsentrasievermoë en 'n meer ontspanne houding in die klas verbeter. Die feit dat hierdie verandering ten tye en net ná afloop van die terapieprogram, waartydens daarop gekonsentreer is om haar te laat ontspan en sukses te laat ervaar ingetree het, dui daarop dat die terapieprogram waarskynlik hierdie verandering bewerkstellig het.

### 6.2.3 PROEFPERSOON C

#### 6.2.3.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon C is 'n negejarige dogter in standerd een. Sy is die oudste van drie kinders. Haar intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 107 met 'n nie-verbale telling van 107 en 'n verbale telling van 106.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Hoewel die proefpersoon fisiek gesond is, is sy baie oorgewig. Sy is onaktief as gevolg waarvan haar motoriese koördinasie waarskynlik nie na wense kon ontwikkel nie.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Sover vasgestel kon word, is die proefpersoon se omstandighede tuis na wense. Albei ouers stel intens in hulle kinders se welsyn en vordering belang.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Proefpersoon C presteer in al haar skoolvakke behalwe Kunsopvoeding onder die klasgemiddeld. Hierdie akademiese beeld word volledig in tabel 6.7,p.164 aangetoon.

Die grootste agterstand word in skrif ondervind, waar sy 4,0 teenoor die klasgemiddeld van 2,5 behaal.

6.2.3.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal die probleemareas van Proefpersoon C na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels vasgestel word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die enigste beduidende probleem aldus die klasonderwyseres, is die feit dat die proefpersoon swak, onnet en baie stadig skryf. Sy kry as gevolg hiervan nie haar werk in die klas klaar nie en dit verklaar waarom alle vakpunte onbevredigend is.

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die musiekterapieprogram afgeneem en die resultate daarvan word in tabel 6.8,p.166 aangedui.

* *Ballardtoets*

Geen agterstand word in optel- of aftreksomme ondervind nie.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van die betrokke toetse (tab. 6.8,p.166 behaal Proefpersoon C hoër tellings as die minimum vereistes vir haar ouderdomsgroep. Ten opsigte van spelling behaal sy veral 'n baie hoë telling.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.8,p.166) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman die vereiste telling. In die onderafdelings van die visuele persepsietoets van Frostig behaal die proefpersoon net ten opsigte van vormwaarneming die vereiste normtelling. Die grootste agterstand kom ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding voor waar die proefpersoon slegs die prestasie van 'n sesjarige lewer. In die afdelings vir oog-handkoördinasie en posisie in die ruimte lewer sy die prestasie van 'n sewejarige en ten opsigte van die verhouding van voorwerpe in die ruimte behaal sy die verwagte telling vir 'n agtjarige.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3). Die resultate word in tabel 6.9,p.168 aangebied.

Afleidings uit hierdie tabel is dat Proefpersoon C geen ander probleme behalwe swak skrif (waarin sy slegs 40% behaal het) ondervind nie. Dit het tydens die afneem van die toetse geblyk dat sy besonder stadig en moeilik skryf wat haar moontlik die lus om aan skriftelike aktiwiteite mee te doen, ontneem.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Ontoereikende spierkoördinasie veroorsaak algemene lompheid en stadige swak skrif, wat die proefpersoon se algemene vordering rem.

6.2.3.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleem wat in paragraaf 6.2.3.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon C 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en die aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is stelselmatig met spesiale beklemtoning van spierbeheer en -ontwikkeling, veral tydens die aanbieding van die vingeroefeninge en die klavierstukke daarna, deurgewerk.

Verder is die proefpersoon gedurig aangemoedig om tydens die voltooiing van die skriftelike musiekspeletjies netjies, leesbaar en vinniger te skryf.

Ekstra inkleuroefening is gegee en verskillende nootwaardes is op karton geteken, wat die proefpersoon vir addisionele spieroefening moes uitknip.

(b) *AANBIEDING*

Die proefpersoon het alle leerstof besonder vinnig gesnap, maar sigbaar probleme om idividuele vingers afsonderlik te gebruik, openbaar. Om genoegsame oefening ten opsigte hiervan te kry is as volg te werk gegaan:

* Om nootname op die notebalke aan te leer, is gereeld tydens die lesse van plastiek notebalke gebruik gemaak waarop sy los skyfies (die note) presies op 'n lyn of in

'n tussenruimte moes plaas. Met volgehoue oefening het sy dit mettertyd makliker, vinniger en meer akkuraat hanteer.

* Sy het elke week 'n inkleurprent voltooi, waarvan die inkleurwerk se gehalte geleidelik 'n verbetering begin toon het.

* Nadat die verskillende nootwaardes aan haar bekend was, is groot note van verskillende waardes eers op papier en later op karton deur die terapeut geteken, wat sy moes uitknip. Namate haar spierbeheer verbeter het, moes sy self die note teken en uitknip.

* Musiekspeletjies waarin selde foute begaan is, het byval gevind en aanmoediging om netjieser en vinniger te skryf gebied.

Die feit dat sy besonder musikaal was, het tot gevolg gehad dat sy gereeld haar klavierstukke en vingeroefeninge geoefen het ten spyte van die feit dat sy moeilik gespeel het. Dit het die nodige oefening in spierbeheer en -koördinasie wat ontbreek het, aangevul.

6.2.3.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Proefpersoon C se skrif en konsentrasievermoë asook haar selfbeeld het aansienlik verbeter wat 'n positiewe invloed op haar skoolwerk uitgeoefen het.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.7,p.164 word die vakpunte van Proefpersoon C verstrek.

TABEL 6.7

ʼn VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON C TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | | | | | | |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| PROEF-PERSOON C | Eerste | Klas-gemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 2,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 2,0 | 4,0 | 2,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -0,3 | -1,0 | -1,2 | -1,2 | -0,6 | -1,0 | -1,0 | -0,2 | -1,5 | 0,0 |
| | Tweede | Klas-gemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 1,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 2,0 | 3,0 | 2,0 | 3,0 | 2,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | +0,8 | 0,0 | 0,0 | +0,2 | -1,0 | -0,3 | -0,6 | 0,0 | -1,1 | +0,2 |
| | Verskil | T.o.v. klas-gemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proef-persoon | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 |
| | | T.o.v. posisie van proef-persoon | +1,1 | +1,0 | +1,2 | +1,4 | -0,4 | +0,7 | +0,4 | +0,2 | +0,4 | +0,2 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word is dat die proefpersoon se skoolwerk oor die algemeen verbeter het, wat hoofsaaklik toe te skryf kan word aan die feit dat sy beter en veral vinniger kon skryf. Alle afdelings van Afrikaans, Wiskunde en skrif het met 1,0 elk verbeter, met die gevolg dat haar punte dus nader aan die klasgemiddeld lê. In Afrikaanse lees presteer sy selfs 0,8 en in taal- en stelwerk 0,2 bó die klasgemiddeld. Hoewel haar punt vir Engels nie gedaal het nie, het die klasgemiddeld verbeter wat veroorsaak het dat die agterstand in vergelyking met die klasgemiddeld vergroot het.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse word in tabel 6.8,p.166 verstrek.

TABEL 6.8

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE: PROEFPERSOON C

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond-agtergrondonderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 18 | 14 | 43 | 72 | 37 | 60 | 19 | 20 | 13 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON C (9 jaar) | Eerste | 18 | 14 | 51 | 80 | 57 | 60 | *16 (7,3 jr) | 16 (6jr) | 13 | 7 (7jr) | 7 (8jr) |
| | Tweede | 18 | 18 | 56 | 85 | 57 | 60 | 17 (7,8jr) | 16 (6jr) | 13 | 7 (7jr) | 7 (8jr) |
| | Verskil | 0 | +4 | +5 | +5 | 0 | 0 | +1 | 0 | 0 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak vir die betrokke ouderdom is die ouderdomsekwivalent van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.8:

* *Ballardtoets*

Hoewel Proefpersoon C reeds die verwagte peil in optel- en aftreksomme met die eerste toetsing behaal het, het die telling vir aftreksomme tydens die tweede meting nog verder verbeter.

* *Lees- en speltoetse*

Proefpersoon C se leesvermoë en leesspoed was tydens die eerste meting reeds bokant die normtelling en albei afdelings het met die tweede meting nog verder verbeter.

Die punt vir spelling het, hoewel aanvanklik reeds bokant die normpunt, konstant gebly.

* *Perseptuele toetse*

Uit die tabel kan afgelei word dat die proefpersoon se ouditiewe diskriminasie reeds tydens die eerste meting na wense was. Die enigste afdeling van die visuele persepsietoets van Frostig waar aan die normtelling voldoen is, is vormwaarneming. Oog-handkoördinasie het 'n geringe verbetering getoon hoewel die prestasie nog die verwagte peil van 'n sewejarige weerspieël het. Wat voorgrond-agtergrond-onderskeiding betref het die telling slegs die peil wat van 'n sesjarige verwag word gehaal. Prestasie ten opsigte van posisie in die ruimte het onveranderd en gelykstaande aan die prestasie van 'n sewejarige gebly, terwyl die verhouding van voorwerpe in die ruimte ook onveranderd as die prestasie van 'n agtjarige gebly het.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse is in tabel 6.9,p.168 uiteengesit.

TABEL 6.9

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON C

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agter-grondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEF-PERSOON C | Maksi-mum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 8 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 4 |
| | Tweede | 8 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 9 | 10 | 10 | 10 | 7 |
| | Ver-skil | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | +3 |

Die enigste beduidende verbetering van 30% kom ten opsigte van skrif uit hierdie tabel aan die lig.

(e) *SAMEVATTING*

Fyn spierbeheer en -koördinasie van die betrokke proefpersoon het aansienlik verbeter wat haar in staat gestel het om beter en vinniger te kon skryf. Hierdie verbetering het 'n besliste positiewe invloed op haar totale akademiese vordering gehad wat verder tot 'n verbetering ten opsigte van haar selfbeeld gelei het.

Die feit dat die verbetering terwyl die terapieprogram, waarin juis klem op ontwikkeling van spierbeheer en -koördinasie aangebied is, ingetree het, dui daarop dat die vooruitgang van die proefpersoon moontlik met die terapieprogram verband hou.

## 6.2.4 PROEFPERSOON D

### 6.2.4.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon D is 'n agtjarige dogter in standerd een. Sy is die derde van vier kinders. Haar intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 107 met 'n nie-verbale telling van 103 en 'n verbale telling van 110.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Proefpersoon D is redelik gesond, hoewel haar oë dikwels brand en rooi vertoon. Volgens 'n oogarts se bevinding het sy egter nie 'n bril nodig nie.

Sy kom te alle tye opvallend lusteloos voor.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Die vader wat beroepsarbeid verrig se enigste werklike belangstelling lê in 'n bosveldplaas wat die gesin elke naweek besoek, hoewel hulle in die dorp woon. Die moeder besef dat die gereelde uithuisigheid tydens naweke die kinders se skoolvordering benadeel, maar sy is nie daartoe in staat om die toestand te verander nie.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Proefpersoon D presteer in alle skoolvakke ver onder die klasgemiddeld. Sy behaal in alle afdelings van Afrikaans, in Engels en Wiskunde 4,0, terwyl die klasgemiddeld van 2,4 tot 1,7 in hierdie afdelings wissel. Ten opsigte van skrif is haar punt 3,0 teenoor die klasgemiddeld van 2,5. In die klas toon sy weinig belanstelling in haar werk en sy skryf besonder slordig. Hierdie beeld word volledig in tabel 6.10,p. 174 weerspieël.

6.2.4.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels die probleemareas van Proefpersoon D toegelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die proefpersoon beskik oor weinig konsentrasievermoë. Haar werk is uiters slordig en dikwels onsamehangend en onvoltooid. Take wat sy self moet uitvoer word òf half gedoen òf glad nie aangedurf nie.

Sy beskik oor 'n baie swak selfbeeld.

Die klasonderwyseres is van mening dat die proefpersoon moontlik nie skoolgereed by skooltoetrede was nie.

## (c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die musiekterapie afgeneem en die resultate word in tabel 6.11, p.175 aangebied.

* *Ballardtoets*

Uit die gegewens (tab. 6.11,p.175) blyk dit dat die proefpersoon onder die gewenste norm ten opsigte van optelsomme presteer, waar sy die norm van ŉ sewejarige handhaaf. Aftreksomme is op normvlak.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van hierdie toetse (tabel 6.11,p.175) toon Proefpersoon D nie ŉ agterstand ten opsigte van leesvermoë en leesspoed nie. Ten opsigte van spelling handhaaf sy egter die prestasie van ŉ sewejarige.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.11,p.175) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman slegs 60%. In die onderafdelings van Frostig se visuele persepsietoets voldoen die proefpersoon net aan die norms van oog-handkoördinasietoets sowel as vormwaarneming. Wat voorgrond-agtergrondonderskeiding en verhouding van voorwerpe in die ruimte betref, behaal sy die verwagte punt vir ŉ sesjarige en ten opsigte van posisie in die ruimte behaal sy die normvlak vir ŉ sewejarige.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3), waaruit die resultate in tabel 6.12,p.178 waargeneem kan word.

Afleidings wat hieruit gemaak kan word, is dat die proefpersoon veral swak lees en dat ouditiewe diskriminasie nie na wens is nie. Sy behaal in beide afdelings slegs 40%. Vir ouditiewe geheue behaal sy 50%. Ander afdelings se punte wissel van 60%-100%.

Tydens die afneem van hierdie toetse het dit geblyk dat die proefpersoon uiters belangeloos voorkom, moeilik konsentreer en baie slordig skryf.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Proefpersoon D se konsentrasievermoë is swak en sy beskik oor weinig of geen motivering om haar skoolwerk aan te durf en te probeer voltooi om sodoende 'n sukses daarvan te maak nie.

6.2.4.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in paragraaf 6.2.4.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon D 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en die aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Daar is baie persoonlike aandag aan die proefpersoon tydens die deurwerk van die werkboek (Bylae A) geskenk om haar daardeur te probeer motiveer om die nuwe uitdaging, naamlik om te leer klavierspeel, aan te durf en te bemeester met die oog daarop dat sy hierna ander take ten opsigte van haar skoolwerk ook sal wil aanpak en voltooi.

Daar is gepoog om geleenthede te skep waar die proefpersoon sukses, ter aanmoediging, kon ervaar.

(b) *AANBIEDING*

Die proefpersoon was dikwels, veral op Maandae, sonder verskoning van terapielesse afwesig. Waarskynlik was die rede hiervoor dat sy nie gedurende die naweek haar huiswerk, oefenwerk op die klavier, kon doen nie (vgl. par. 6.2.4.1(c)).

Sy het gedurende die terapietydperk belangeloos voorgekom en nie getrou haar huiswerk gedoen nie. Sy het wel teen die einde van die program sigbaar beter op die werk wat tydens die lestye aangebied is, begin konsentreer.

Terwyl die proefpersoon onder toesig van die terapeut gewerk het, het sy soms daarin geslaag om netjieser te werk, maar sodra sy alleen moes voortgaan kon sy as gevolg van die feit dat sy nog nie selfstandig kon werk nie, nie daarmee volhou nie.

Geen afdeling van die werk het besliste probleme opgelewer nie. Hoewel sy musikaal blyk te gewees het, het sy soos in haar skoolwerk, nie oor genoegsame deursettingsvermoë en motivering om werklik 'n sukses daarvan te maak, beskik nie en het sy teen die einde van die terapielesse glad nie meer tuis geoefen nie, met die gevolg dat haar vordering daardeur beperk is.

6.2.4.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Hoewel die proefpersoon nog wisselvallig voorgekom het, het dit geblyk dat haar konsentrasievermoë verbeter het. Die proefpersoon kon beter ouditief sowel as visueel diskrimineer, en haar selfbeeld het 'n verbetering getoon.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.10,p.174 word die vakpunte van Proefpersoon D verstrek.

TABEL 6.10

'n VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON D TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | | | | | | |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| PROEFPERSOON D | Eerste | Klasgemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proefpersoon | 4,0 | 4,0 | 4,0 | 4,0 | 4,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proefpersoon | -2,3 | -2,0 | -2,2 | -2,2 | -1,6 | -2,0 | -1,0 | -1,2 | -0,5 | -1,0 |
| | Tweede | Klasgemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proefpersoon | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proefpersoon | -0,2 | 0,0 | -1,0 | -1,8 | -1,0 | -1,3 | -0,6 | -1,0 | -1,1 | -0,8 |
| | Verskil | T.o.v. klasgemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proefpersoon | +2,0 | +2,0 | +1,0 | 0,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| | | T.o.v. posisie van proefpersoon | +2,1 | +2,0 | +1,2 | +0,4 | +0,6 | +0,7 | +0,4 | +0,2 | -0,6 | +0,2 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word, is dat die proefpersoon se skoolwerk heelwat verbeter het. Afrikaanse lees en mondelinge werk het die grootste verbetering getoon waarin die proefpersoon se punte van 4,0 na 2,0 verbeter het. Spelling, Engels en Wiskunde het ook elk van 4,0 na 3,0 verbeter. Waar die proefpersoon aanvanklik in alle skoolvakke ver onder die klasgemiddeld presteer het, is die agterstand nog nie uitgewis nie, maar het dit wel kleiner geword.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse word in tabel 6.11 verstrek.

TABEL 6.11

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE: PROEFPERSOON D

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond- agtergrond-onderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 15 | 11 | 36 | 60 | 30 | 60 | 18 | 19 | 12 | 8 | 7 |
| PROEF-PERSOON D (8 Jaar) | Eerste | 12* (7jr) | 11 | 37 | 65 | 21 (7jr) | 36(60%) | 18 | 17 (6jr) | 13 | 7 (7jr) | 5 (6jr) |
| | Tweede | 16 | 11 | 42 | 68 | 36 | 59(98%) | 19 | 18 (7jr) | 13 | 8 | 7 |
| | Verskil | +4 | 0 | +5 | +3 | +15 | +23(38%) | +1 | +1 | 0 | +1 | +2 |

* By alle prestasies onder normvlak is die ouderdomsekwivalent of die persentasie van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.11:

* *Ballardtoets*

Bogenoemde toetsresultate toon dat die proefpersoon ten opsigte van optelsomme, waar sy 'n agterstand ondervind en die prestasie van 'n sewejarige met die aanvanklike meting gelewer het, in so 'n mate verbeter het dat die agterstand ingehaal is. Aftreksomme het onveranderd en op normvlak gebly.

* *Lees- en speltoetse*

Proefpersoon D oortref met die tweede meting die normvlak ten opsigte van leesvermoë en haar leesspoed het verder verhoog alhoewel sy reeds al die vereiste telling met die eerste toetsing behaal het.

Waar die proefpersoon aanvanklik 'n sewejarige se prestasie ten opsigte van spelling gelewer het, het 'n merkbare verbetering hierin ingetree wat waarskynlik met 'n verbeterde vermoë tot suksesvolle ouditiewe diskriminasie verband hou (vergelyk die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman, tabel 6.11,p.175 waar daar 'n verbetering van 38% en die ouditiewe diskriminasietoets in die selfontwerpte toetse, tabel 6.12,p.178 waar haar punt 'n 40%-styging getoon het).

* *Perseptuele toetse*

In die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman het 'n baie groot verbetering ingetree. Haar prestasie het hierin met 38% verbeter. Ten opsigte van die visuele persepsietoets van Frostig het oog-handkoördinasie verder verbeter, hoewel die normtelling reeds met die eerste meting bereik was. Voorgrond-agtergrondonderskeiding het verbeter, hoewel die proefpersoon nog onder normvlak getoets het, deur 'n sewejarige se telling te handhaaf. Vormwaarneming het konstant en bo normvlak gebly. Ten opsigte van posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe in die ruimte het die proefpersoon soveel verbeter dat die normvlak nou bereik is, terwyl die aanvanklike toetsing getoon het dat sy vir eersgenoemde afdeling die norm vir 'n sewejarige en laasgenoemde afdeling maar net dié van 'n sesjarige behaal het.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse word in tabel 6.12 vervolgens uiteengesit.

TABEL 6.12

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON D

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | Skrif |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | Spelling | Rekenvaardigheid | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | | | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agtergrondonderskeiding | Kleuronderskeiding | |
| PROEFPERSOON D | Maksimum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 4 | 10 | 8 | 10 | 4 | 5 | 6 | 6 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 | 10 | 6 |
| | Tweede | 7 | 10 | 8 | 10 | 8 | 8 | 8 | 8 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 | 10 | 7 |
| | Verskil | +3 | 0 | 0 | 0 | +4 | +3 | +2 | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | +1 |

'n Merkbare verbetering het ten opsigte van ouditiewe aspekte, naamlik 40% in diskriminasie, 30% in geheue en 20% elk vir opeenvolging van klanke asook analise en sintese voorgekom, wat tot gevolg gehad het dat leesvermoë met 30% verbeter het. Skrif het 'n verbetering van 10% getoon.

(e) *SAMEVATTING*

Hoewel Proefpersoon D oënskynlik as gevolg van haar belangelose houding nie opsigtelik by die musiekterapie baatgevind het nie, weerspieël haar algemene skoolvordering die teenoorgestelde. Waar sy in die terapieprogram geleer is om te luister na en te konsentreer op wat sy op die klavier moes uitvoer, het alle ouditiewe aspekte in hertoetsings getoon dat sy ten opsigte hiervan vordering gemaak het en is dit 'n aanduiding dat die verbetering met die terapieprogram verband hou.

Die terapeut se persoonlike aandag aan haar en voortdurende aanmoediging, het aan haar die nodige motivering om die program te voltooi gebied.

Waar sy jonk vir haar standerd en moontlik nie skoolgereed by skooltoetrede was nie, het die musiekterapieprogram waarskynlik die motivering gebied om die agterstand wat as gevolg hiervan kon ontstaan het, in 'n groot mate uit te wis en daardeur is aan haar die nodige aanmoediging verskaf om haar werk in die toekoms verder te probeer verbeter.

## 6.2.5 PROEFPERSOON E

### 6.2.5.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon E is 'n negejarige seun in standerd een. Hy is die jongste van drie kinders. Sy intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 105 met 'n nie-verbale telling van 106 en 'n verbale telling van 104.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Proefpersoon E is fisiek 'n gesonde leerling wat nog nooit ernstige siektetoestande of traumatiese ervarings beleef het nie.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Die proefpersoon kom uit 'n gemiddelde sosio-ekonomiese milieu waar albei ouers daaglikse arbeid verrig. Die ouers sien toe dat die kinders in hulle afwesigheid nie onversorg tuis gelaat word nie.

Die vader is uitermatig in sport geïnteresseerd en hy eis daarom dat die kinders aan sport deelneem. Hy verwag van hulle om daarin uit te blink. Van die proefpersoon spesifiek word verwag om 'n uitstaande rugbyspeler te wees.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Die enigste vak waarin die proefpersoon die klasgemiddeld handhaaf, is Wiskunde. Ten opsigte van lees toon hy die grootste agterstand waarin hy 4,0 teenoor die 1,7 van die klasgemiddeld behaal. Afrikaanse taal- en stelwerk is 2,2, Afrikaanse mondelinge werk 2,0 en skrif 1,5 onder die klasgemiddeld. Hierdie akademiese beeld word in tabel 6.13,p.184 volledig uiteengesit.

6.2.5.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

Na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels sal Proefpersoon E se probleemareas uitgelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die klasonderwyseres het die proefpersoon se swak leesvermoë en onbevredigende vordering in Afrikaanse mondelinge en skriftelike werk, spelling en skrif benadruk. Hierdie gegewens hou met die proefpersoon se vakpunte (tab. 6.13,p.184) verband.

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die musiekterapie afgeneem en die resultate word in tabel 6.14,p.185) verstrek.

* *Ballardtoets*

In optel- en aftreksomme presteer die proefpersoon bo normvlak (vgl. punt vir Wiskunde in tab. 6.13,p.184).

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van hierdie toetse (tab. 6.14, p.185) toon Proefpersoon E 'n agterstand ten opsigte van leesvermoë waar hy 'n sewejarige en ten opsigte van leesspoed waar hy 'n agtjarige se peil handhaaf. Hy lewer 'n sewejarige se prestasie in spelling.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.14.p.185) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman die vereiste telling. In die onderafdeling van Frostig se visuele persepsietoets voldoen die proefpersoon aan die norms van die oog-handkoördinasie, vormwaarneming en posisie in die ruimte. Wat voorgrond-agtergrondonderskeiding en die verhouding van voorwerpe in die ruimte betref, is die prestasie van die proefpersoon gelyk aan dié van 'n agtjarige.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3), waarvan die resultate in tabel 6.15,p.187 waargeneem kan word.

Afleidings wat uit dié tabel gemaak kan word, is dat die proefpersoon swak lees, aangesien hy slegs 40% hierin behaal het. Hy behaal 50% vir die opeenvolging van klanke, 'n afdeling ten opsigte waarvan hy groot verwarring openbaar en dit kan moontlik die oorsaak waarom hy met lees en spelling probleme ondervind, wees. Vir spelling het hy 60% behaal en in alle ander afdelings het hy tussen 80% en 100% gehandhaaf.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Verwarring ten opsigte van opeenvolging van klanke en 'n onvermoë om vinnig genoeg voorgrond en agtergrond suksesvol van mekaar te onderskei, rem Proefpersoon E se akademiese vordering.

6.2.5.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in paragraaf 6.2.5.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon E 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is in sy geheel met die proefpersoon deurgewerk, met spesiale beklemtoning van die opeenvolging van klanke, byvoorbeeld by die aanleer van die musiekalfabet. Spesiale aandag is aan gehoortoetse (vgl. par. 3.8.3.3) waar op verskillende nootwaardes en die nasê daarvan in Franse tydname gekonsentreer is, geskenk.

(b) *AANBIEDING*

Proefpersoon E het met gemak alle afdelings van die program deurgewerk. Aanvanklik het hy met die gehoortoetse probleme ondervind, maar dit is deur volgehoue beklemtoning van die korrekte opeenvolging van klanke stap vir stap bemeester. Musiekspeletjies het byval gevind en foute is selde hierin begaan, wat hom gemotiveer het om sy oefenwerk op die klavier te doen.

Teen die einde van die terapie-aanbieding, met die aanvang van die rugbyseisoen het Proefpersoon E as gevolg van druk van sy pa om op dié gebied te presteer, van die terapielesse nie bygewoon nie, met die verskoning dat die lesse en rugby-oefeninge se tye gebots het. Dit het later geblyk dat die proefpersoon se pa in 'n groot mate daarteen gekant was dat hy leer klavierspeel. Hierdie opvatting het die werksinstelling van die proefpersoon nadelig beïnvloed, hoewel hy tog die program voltooi het.

6.2.5.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die proefpersoon se skrif het verbeter en sy aandagskonsentrasie en deursettingsvermoë het 'n merkbare verbetering getoon. Hy kon na afloop van die program baie vinniger, netjieser en meer doelgerig take in die klas aandurf en voltooi.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.13, p.184 word die vakpunte van Proefpersoon E verstrek.

TABEL 6.13

'n VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON E TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | | | | | | |
| PROEFPERSOON E | Eerste | Klasgemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proefpersoon | 4,0 | 4,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 2,0 | 3,0 | 1,0 | 4,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proefpersoon | -2,3 | -2,0 | -1,2 | -2,2 | -0,6 | 0,0 | -1,0 | +0,8 | -1,5 | -1,0 |
| | Tweede | Klasgemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proefpersoon | 3,0 | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 2,0 | 1,0 | 3,0 | 1,0 | 2,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proefpersoon | -1,2 | 0,0 | 0,0 | -0,8 | 0,0 | +0,7 | -0,6 | +1,0 | -0,1 | -0,8 |
| | Verskil | T.o.v. klasgemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proefpersoon | +1,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 |
| | | T.o.v. posisie van proefpersoon | +1,1 | +2,0 | +1,2 | +1,4 | +0,6 | +0,7 | +0,4 | +0,2 | +1,4 | +0,2 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word, is dat alle vakpunte 'n verbetering getoon het. Mondelinge werk in Afrikaans sowel as skrif het die grootste verbetering getoon. In albei gevalle het die aanvanklike punt van 4,0 na 2,0 opgeskuif. Punte vir lees, spelling, Afrikaanse taal- en stel-

werk en Engels het almal 1,0 met die tweede meting verbeter. Die punt vir Wiskunde wat bevredigend was en nie onder die klasgemiddeld was nie, het verder verbeter.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

In tabel 6.14,p.185 word die resultate van hierdie toetse verstrek.

TABEL 6.14

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE: PROEFPERSOON E

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond- agtergrond-onderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 20 | 15 | 43 | 72 | 37 | 60 | 19 | 20 | 13 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON E (9 jaar) | Eerste | 25 | 20 | 31* (7jr) | 70 (8jr) | 22 (7jr) | 60 | 24 | 18 (8jr) | 13 | 8 | 7 (8jr) |
| | Tweede | 28 | 25 | 35 (8jr) | 75 | 28 (8jr) | 60 | 24 | 19 (8jr) | 13 | 8 | 7 (8jr) |
| | Verskil | +3 | +5 | +4 | +5 | +6 | 0 | 0 | +1 | 0 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak vir die betrokke ouderdom is die ouderdomsekwivalent van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.14:

* *Ballardtoets*

Die proefpersoon het reeds tydens die eerste toetsing in optel- en aftreksomme bo normvlak presteer, maar in albei afdelings het die telling verder verbeter. Die grootste verbetering het ten opsigte van aftreksomme voorgekom.

* *Lees- en speltoetse*

Ten opsigte van leesvermoë en spelling handhaaf die proefpersoon met die tweede meting die prestasie van 'n agtjarige teenoor die eerste meting se prestasie wat slegs aan die normvlak vir 'n sewejarige voldoen het. Wat leesspoed betref oortref hy nou die normvlak vir 'n negejarige, terwyl hy met die eerste meting slegs die prestasie van 'n agtjarige gelewer het.

* *Perseptuele toetse*

Uit die tabel kan afgelei word dat die proefpersoon se ouditiewe diskriminasie na wense is. Afdelings van die visuele persepsietoets van Frostig waar hy aan die vereistes vir sy ouderdomsgroep voldoen is oog-handkoördinasie, vormwaarneming en posisie in die ruimte. Ten opsigte van die verhouding van voorwerpe in die ruimte behaal hy nog soos tydens die eerste meting die telling van 'n agtjarige. Daar het 'n geringe verbetering ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding ingetree, hoewel die prestasie nog gelykstaande aan dié van 'n agtjarige is.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse is in die volgende tabel uiteengesit.

TABEL 6.15

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON E

| | | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | METING | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond-agtergrondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEFPERSOON E | Maksimum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 4 | 10 | 6 | 8 | 10 | 10 | 5 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 |
| | Tweede | 7 | 10 | 8 | 8 | 10 | 10 | 7 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 |
| | Verskil | +3 | 0 | +2 | 0 | 0 | 0 | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

Leesvermoë het 'n verbetering van 30% en spelling en opeenvolging van klanke elk 'n verbetering van 20% getoon.

(e) *SAMEVATTING*

Proefpersoon E het na afloop van die aanbieding van die terapieprogram beter akademiese prestasie as voorheen gelewer. Aangesien vordering in die afdelings waaraan die terapeut aandag in die lesse gegee het, ingetree het, dui dit moontlik daarop dat die terapieprogram die verbetering bewerkstellig het.

## 6.2.6 PROEFPERSOON F

### 6.2.6.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon F is 'n negejarige standerd-een seun. Hy is die oudste van twee kinders. Sy intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 112 met 'n nie-verbale telling van 109 en 'n verbale telling van 114.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Die proefpersoon is 'n lewenslustige gesonde leerling wat geen ernstige siektes of traumatiese ervarings beleef het nie.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Proefpersoon F kom uit 'n gemiddelde sosio-ekonomiese milieu, waar die vader daaglikse arbeid verrig en die moeder 'n huisvrou is. Albei die ouers is opreg in die proefpersoon se akademiese vordering geïnteresseerd.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Die proefpersoon presteer in byna alle vakke onder die klasgemiddeld. Die grootste agterstand kom in lees en Afrikaanse taal- en stelwerk voor, waar hy in albei gevalle slegs 4,0 teenoor die klasgemiddeld van 1,7 vir lees en 1,8 vir taal- en stelwerk behaal het. Ten opsigte van skrif presteer hy 1,5, spelling 1,2 en Wiskunde en Afrikaanse mondeling elk 1,0 onder die klasgemiddeld (vgl. tab. 6.16, p.193).

### 6.2.6.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels die probleemareas van Proefpersoon F toegelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die klasonderwyseres meen dat swak aandagskonsentrasie en die feit dat hy tē stadig werk en skryf die oorsaak van sy swak akademiese prestasie is.

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die musiekterapie afgeneem en die resultate word in tabel 6.17,p.195 verstrek.

* *Ballardtoets*

Uit hierdie gegewens blyk dit dat Proefpersoon F die normvlak in beide afdelings, naamlik ten opsigte van optel- en aftreksomme behaal het.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van hierdie toetse (tab. 6.17, p.195) toon Proefpersoon F geen agterstand ten opsigte van leesvermoë of leesspoed nie. Spelling weerspieël egter 'n opvallende agterstand, waar hy slegs aan die vereistes vir 'n sewejarige voldoen.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.17,p.195) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman die vereiste telling. In die onderafdelings van Frostig se visuele persepsietoets voldoen die proefpersoon aan die norms van oog-handkoördinasie, vormwaarneming en posisie in die ruimte. Ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding en die verhouding van voorwerpe in die ruimte toon die proefpersoon agterstand, waar hy die verwagte prestasie vir 'n agtjarige in beide gevalle lewer.

(d) *RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL*

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3), en word die resultate daarvan in tabel 6.18,p.197 aangebied.

Afleidings wat hieruit gemaak kan word is dat Proefpersoon F ten opsigte van ouditiewe aspekte, naamlik diskriminasie, geheue, opeenvolging van klanke asook analise en sintese slegs 50% per afdeling behaal het. Vir lees het hy 60% behaal en hoewel sy prestasie vir skrif 90% was, het dit tydens die afneem van die toetse geblyk dat sy skryfspoed ontoereikend vir skoolvordering is.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Die proefpersoon se ouditiewe vermoëns, aandagskonsentrasie, skryfspoed en algemene werkspoed is nie na wens nie en dit veroorsaak dat hy op akademiese gebied swak vorder.

6.2.6.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in paragraaf 6.2.6.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon F 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en die aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is in sy geheel met die proefpersoon deurgewerk, met spesiale beklemtoning van opeenvolging van klanke, byvoorbeeld by die aanleer van die musiekalfabet. Aandag is ook aan gehoortoetse (par. 3.8.3.3) waar op verskillende nootwaardes en die nasê daarvan in Franse tydname gekonsentreer is, geskenk. Daar is deurgaans op die versnelling van werk- en skryfspoed gekonsentreer.

(b) *AANBIEDING*

Hoewel Proefpersoon F in geen afdeling ernstige probleme ondervind het nie, het dit spoedig geblyk dat hy waarskynlik as gevolg van 'n swak konsentrasievermoë nuwe leerstof baie stadig gesnap het, byvoorbeeld by die aanleer van die musiekalfabet. Namate hy meer leerstof suksesvol bemeester het, het hy geleer konsentreer en het dit vir hom in staat gestel om vinniger te werk.

Ten opsigte van gehoorontwikkeling het dit geblyk dat hy aanvanklik van die noodsaaklike gegewens vergeet en as gevolg daarvan deurmekaar geraak het. Mettertyd het hy geleer om deur beter te konsentreer meer gegewens te onthou en is die gehooraspek stap vir stap bemeester.

Musiekspeletjies het byval gevind en foute is selde hierin begaan. Mettertyd het sy werkstempo hierin as gevolg van aangehoue aanmoediging en verbeterde konsentrasie versnel.

Teen die einde van die program het Proefpersoon E die proefpersoon negatief begin beïnvloed (vgl. par. 6.2.5.3(b)), as gevolg waarvan hy aan die wenslikheid van sy deelname aan die aktiwiteite begin twyfel het. Op daardie spesifieke stadium is Proefpersoon F egter by die skooloperette betrek wat sy belangstelling in die musieklesse weer laat toeneem het.

### 6.2.6.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die proefpersoon se werkspoed, veral skryfspoed, het aansienlik verbeter en sy konsentrasievermoë het toegeneem. Hy het ook oor 'n baie beter selfbeeld beskik.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.16,p.193 word die vakpunte van Proefpersoon F verstrek.

TABEL 6.16

ŉ VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON F TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE: AFRIKAANS: Lees | AFRIKAANS: Mondeling | AFRIKAANS: Spelling | AFRIKAANS: Taal- en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| PROEF-PERSOON F | Eerste | Klas-gemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 | 1,0 | 4,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -2,3 | -1,0 | -1,2 | -2,2 | -0,6 | -1,0 | -1,0 | +0,8 | -1,5 | -1,0 |
| | Tweede | Klas-gemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 2,0 | 3,0 | 1,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 1,0 | 2,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -0,2 | -1,0 | +1,0 | +0,2 | 0,0 | -0,3 | -0,6 | +1,0 | -0,1 | -0,8 |
| | Verskil | T.o.v. klas-gemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proef-persoon | +2,0 | 0,0 | +2,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 |
| | | T.o.v. posisie van proef-persoon | +2,1 | 0,0 | +2,2 | +2,4 | +0,6 | +0,7 | +0,4 | +0,2 | +1,4 | +0,2 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word is dat die vakpunte vir lees, Afrikaanse taal- en stelwerk asook skrif wat in elke geval 4,0 was met 2,0 punte elk verbeter het. Ten opsigte van lees is die punt nou slegs 0,2 onder die klasgemiddeld en wat Afrikaanse taal- en stelwerk betref is die proefpersoon se punt 0,2 bo die klasgemiddeld. Ten spyte van die groot verbetering wat die skrifpunt betref, het die klasgemiddeld intussen ook verbeter wat tot gevolg gehad het dat die proefpersoon nog 0,1 onder die klasgemiddeld presteer. Die punt vir spelling het van 3,0 na 1,0 opgeskuif en die proefpersoon presteer nou 1,0 punt bo die klasgemiddeld. Die punt vir Afrikaanse mondelinge werk het konstant 1 punt onder die klasgemiddeld gebly. Die proefpersoon se punt vir Wiskunde het wel van 3,0 na 2,0 verbeter maar is steeds -0,3 onder die klasgemiddeld.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

In tabel 6.17,p.195 word die resultate van hierdie toetse verstrek.

TABEL 6.17

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE: PROEFPERSOON F

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond- agtergrond-onderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 19 | 14 | 43 | 72 | 37 | 60 | 19 | 20 | 15 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON F (9 jaar) | Eerste | 19 | 14 | 46 | 80 | 25* (7jr) | 60 | 23 | 19 (8jr) | 15 | 8 | 7 (8jr) |
| | Tweede | 24 | 19 | 49 | 80 | 30 (8jr) | 60 | 23 | 19 (8jr) | 15 | 8 | 7 (8jr) |
| | Verskil | +5 | +5 | +3 | 0 | +5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak vir die betrokke ouderdom is die ouderdomsekwivalent van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.17:

* *Ballardtoets*

Bogenoemde toetsresultate toon dat die proefpersoon 'n verdere verbetering in optelsomme sowel as aftreksomme weerspieël, hoewel normvlak reeds in albei afdelings met die eerste toetsing behaal was.

* *Lees- en speltoetse*

Leesspoed het met die tweede meting konstant gebly, terwyl leesvermoë verbeter het. Albei afdelings het reeds tydens die eerste meting bo normvlak getoets. Die telling vir spelling het verbeter maar normvlak is hierin nog nie bereik nie. Waar die proefpersoon met die eerste meting die prestasie van 'n sewejarige gelewer het, het dit met die finale meting slegs na die peil van 'n agtjarige opgeskuif.

* *Perseptuele toetse*

Uit die tabel kan afgelei word dat die proefpersoon se ouditiewe diskriminasie na wens is. Ten opsigte van die visuele persepsietoets van Frostig is geen verbetering waarneembaar nie. Met oog-handkoördinasie, vormwaarneming en posisie in die ruimte handhaaf die proefpersoon die normvlak, maar ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding en die verhouding van voorwerpe in die ruimte lewer hy steeds die prestasie wat van 'n agtjarige verwag word.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van hierdie toetse word in die volgende tabel uiteengesit.

TABEL 6.18

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON F

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agter-grondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEF-PERSOON F | Maksi-mum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 6 | 10 | 8 | 10 | 5 | 5 | 5 | 5 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 | 10 | 9 |
| | Tweede | 8 | 10 | 8 | 10 | 8 | 8 | 6 | 7 | 10 | 10 | 8 | 10 | 8 | 10 | 9 |
| | Ver-skil | +2 | 0 | 0 | 0 | +3 | +3 | +1 | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

Die proefpersoon se punte vir leesvermoë het met 20% gestyg en alle ouditiewe afdelings het verbetering getoon. Ten opsigte van diskriminasie en geheue het ŉ verbetering van 30% ingetree, opeenvolging van klanke het met 10% verbeter en analise en sintese het ŉ 20%-styging getoon. Die ander punte het konstant gebly.

(e) *SAMEVATTING*

In die ooreenstemmende periode wat die proefpersoon vordering in die terapieprogram begin toon het, het sy vakpunte in die skool ook begin styg, wat ŉ moontlike aanduiding is dat die vordering met die terapie verband hou. Hy kon beter konsentreer, heelwat vinniger werk en daarom meer

doelgerig as voorheen take aandurf en voltooi, wat hom in staat gestel het om 'n hoër akademiese prestasie te handhaaf. Sy selfbeeld het aldus die klasonderwyseres se waarneming ook terselfdertyd opsigtelik verbeter.

### 6.2.7 PROEFPERSOON G

#### 6.2.7.1 Agtergrond

(a) *ALGEMEEN*

Proefpersoon G is 'n negejarige seun in standerd een. Hy is een van 'n tweeling en die oudste van vier kinders, waarvan die ander almal dogters is. Sy intelligensiekwosiënt is volgens die N.S.A.G. (par. 5.5.3.1) gemiddeld 120 met 'n nie-verbale telling van 119 en 'n verbale telling van 121.

(b) *FISIEKE GESTELDHEID*

Die proefpersoon is fisiek gesond, hoewel hy uitermatig gespanne is.

(c) *HUISLIKE OMSTANDIGHEDE*

Proefpersoon G kom uit 'n gemiddelde sosio-ekonomiese milieu waar albei ouers daaglikse arbeid verrig. Sy vader is dominerend, krities en oorstreng, as gevolg waarvan die proefpersoon nie daarin slaag om met sy vader te identifiseer nie. Hy voel baie veiliger by sy moeder en susters. Op versoek van die vader is die proefpersoon en sy tweelingsuster, hoewel hulle in dieselfde standerd op skool is, in verskillende klasse geplaas. Die vader is daarvan bewus dat die proefpersoon 'n groot mate van afhanklikheid ten opsigte van dié suster toon en hy wil dit deur die skeiding van die twee kinders gedurende skoolure, probeer teëwerk.

(d) *AKADEMIESE BEELD*

Proefpersoon G handhaaf in geen afdeling van die skoolwerk die klasgemiddeld nie. Hy toon die grootste agterstand ten opsigte van spelling waar hy 4,0 teenoor die klasgemiddeld van 1,8 behaal. In Wiskunde behaal hy 4,0 teenoor die klasgemiddeld van 2,0. In lees presteer hy 1,3, in Afrikaanse taal- en stelwerk 1,2, in mondelinge Afrikaans 1,0 en in skrif 0,5 onder die klasgemiddeld. Sy akademiese beeld word volledig in tabel 6.19,p.203 verstrek.

6.2.7.2 Diagnose van spesifieke probleme

(a) *INLEIDING*

In die onderstaande paragrawe sal na aanleiding van verslae en verskillende meetmiddels die probleemareas van Proefpersoon G uitgelig word.

(b) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Die klasonderwyseres het die proefpersoon se gebrek aan konsentrasievermoë, onvermoë om selfstandig te werk en daarmee gepaardgaande wisselvallige optrede, gespanne voorkoms in die klas en onvermoë om mondelinge opdragte wat uitgevoer behoort te word te onthou, benadruk.

(c) *RESULTATE IN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE BEHAAL*

Skolastiese en perseptuele toetse soos volledig in hoofstuk vyf (par. 5.5.3.2) bespreek, is voor en na die terapie afgeneem en die resultate word in tabel 6.20,p.205 verstrek.

* *Ballardtoets*

Uit hierdie gegewens (tab. 6.20,p.205) blyk dit dat die proefpersoon ten opsigte van optel- en aftreksomme onder die gewenste norm presteer. In albei gevalle behaal hy die verwagte prestasie vir 'n agtjarige.

* *Lees- en speltoetse*

In vergelyking met die norms van hierdie toets (tab. 6.20, p.205) toon Proefpersoon G nie 'n agterstand ten opsigte van leesvermoë nie. Hy behaal egter ten opsigte van leesspoed en spelling die verwagte peil vir 'n agtjarige.

* *Perseptuele toetse*

Op perseptuele gebied (tab. 6.20,p.205) behaal die proefpersoon in die ouditiewe diskriminasietoets van Wepman slegs 60%. In die onderafdelings van Frostig se visuele persepsietoets voldoen hy ten opsigte van vormwaarneming en posisie in die ruimte aan die normvlak. In die ander afdelings toon hy agterstand. Hy bereik die verwagte peil vir 'n sewejarige ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding en die verwagte peil van 'n agtjarige ten opsigte van oog-handkoördinasie en die verhouding van voorwerpe in die ruimte.

(d) RESULTATE IN SELFONTWERPTE TOETSE BEHAAL

Met die oog op die aanbieding van die terapieprogram is hierdie toetse aanvullend afgeneem (vgl. par. 5.5.1.3) en die resultate daarvan is in tabel 6.21,p.207 vervat.

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word, is dat die proefpersoon die swakste prestasie ten opsigte van skrif sowel as ouditiewe analise en sintese gelewer het waarin hy 50% in elke afdeling behaal het. Ten opsigte van leesvermoë en spelling het hy elk 60% behaal. Dit

is verder opvallend dat hy in alle visuele afdelings volpunte behaal het, wat moontlik daarop dui dat probleme wat hy ervaar ouditief van aard is.

(e) *GEVOLGTREKKING*

Proefpersoon G is 'n wisselvallige leerling wat nie daartoe in staat is om selfstandig te werk nie en hy beskik oor 'n baie swak konsentrasievermoë asook 'n negatiewe selfbeeld.

6.2.7.3 Terapieprogram

Na aanleiding van die probleme wat in par. 6.2.7.2(e) vasgestel is, is vir Proefpersoon G 'n spesifieke terapieprogram beplan. Die beplanning en die aanbieding daarvan word vervolgens bespreek.

(a) *BEPLANNING*

Die werkboek (Bylae A) is in sy geheel met die proefpersoon deurgewerk, met spesiale aandag aan gehoortoetse (par. 3.8.3.3), waar op verskillende nootwaardes en die nasê daarvan in Franse tydname gekonsentreer is, om sodoende die proefpersoon die geleentheid om te leer konsentreer, veral ten opsigte van ouditiewe aspekte, te bied. Geleenthede is geskep waar die proefpersoon sukses kon ervaar, vir motivering en om sy selfbeeld te verbeter.

(b) *AANBIEDING*

Hoewel die proefpersoon aanvanklik gretig was om te leer klavierspeel, het dit spoedig geblyk dat sy huiswerk wat hy selfstandig moes doen nie gereeld gedoen was nie.

Tydens die lesaanbieding het hy die werk in alle afdelings wat hy wel gedoen het vinnig gesnap. Musiekspeletjies het besondere byval gevind. Hy het geen probleme in enige afdeling van die werk ondervind nie.

Namate hy begin leer het om te luister na wat hy doen, ten opsigte van gehoortoetse, het dit sy belangstelling geprikkel en hom in staat gestel om te leer om te konsentreer.

Proefpersoon G het die stadigste van al die proefpersone gevorder; waarskynlik as gevolg van die feit dat sy lesbywoning swak was en die feit dat hy nie gereeld huiswerk gedoen het nie. Hy het as gevolg hiervan nie die program in sy geheel voltooi nie.

6.2.7.4 Gevolgtrekkings

(a) *VERSLAG VAN KLASONDERWYSERES*

Hoewel hy nog gespanne voorgekom het, kon hy beter konsentreer en met meer selfvertroue en beslistheid in die klas as voorheen optree.

(b) *AKADEMIESE BEELD*

In tabel 6.19 word die vakpunte van Proefpersoon G verstrek.

TABEL 6.19

ŉ VERGELYKENDE AKADEMIESE BEELD VAN PROEFPERSOON G TYDENS EERSTE EN TWEEDE TOETSING

| | METING | | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | AFRIKAANS | | | | | | | | | |
| | | | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| PROEF-PERSOON G | Eerste | Klas-gemiddeld | 1,7 | 2,0 | 1,8 | 1,8 | 2,4 | 2,0 | 2,0 | 1,8 | 2,5 | 2,0 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 3,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 2,0 | 3,0 | 3,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -1,3 | -1,0 | -2,2 | -1,2 | -0,6 | -2,0 | -1,0 | -0,2 | -0,5 | -1,0 |
| | Tweede | Klas-gemiddeld | 1,8 | 2,0 | 2,0 | 2,2 | 2,0 | 1,7 | 2,4 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| | | Prestasie van proef-persoon | 2,0 | 3,0 | 4,0 | 3,0 | 2,0 | 4,0 | 1,0 | 1,0 | 2,0 | 2,0 |
| | | Posisie van proef-persoon | -0,2 | -1,0 | -2,0 | -0,8 | 0,0 | -2,3 | +1,4 | +1,0 | -0,1 | +0,2 |
| | Verskil | T.o.v. klas-gemiddeld | -0,1 | 0,0 | -0,2 | -0,4 | +0,4 | +0,3 | -0,4 | -0,2 | +0,6 | -0,2 |
| | | T.o.v. prestasie van proef-persoon | +1,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 |
| | | T.o.v. posisie van proef-persoon | +1,1 | 0,0 | +0,2 | +0,4 | +0,6 | -0,3 | +2,4 | +1,2 | +0,4 | +1,2 |

Afleidings wat uit die tabel gemaak kan word is dat die proefpersoon ten opsigte van Afrikaanse mondelinge werk, spelling, taal- en stelwerk asook Wiskunde geen vordering getoon het tydens die tweede meting nie. Sy punte vir lees, Engels en skrif het egter elk van 3,0 na 2,0 verbeter. Geen punt het egter gedurende die periode gedaal nie en dit is veelseggend as in gedagte gehou word dat die hoeveelheid akademiese werk tydens die terapie aansienlik vermeerder het.

(c) *SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE*

In tabel 6.20 word die resultate van hierdie toetse verstrek.

TABEL 6.20

RESULTATE VAN SKOLASTIESE EN PERSEPTUELE TOETSE:
PROEFPERSOON G

| | METING | SKOLASTIESE TOETSE | | | | | PERSEPTUELE TOETSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Ballard | | Lees | | Spel | Ouditiewe diskriminasietoets: Wepman | Visuele persepsietoets: Frostig | | | | |
| | | Optelsomme | Aftreksomme | Leesvermoë | Leesspoed | Korrekte response | Maksimum aantal korrekte response | Oog-handkoördinasie | Voorgrond- agtergrond-onderskeiding | Vormwaarneming | Posisie in die ruimte | Verhouding van voorwerpe in die ruimte |
| Telling vir ouderdomsgroep | | 19 | 14 | 43 | 72 | 37 | 60 | 19 | 20 | 15 | 8 | 8 |
| PROEFPERSOON G (9 jaar) | Eerste | *15 (8jr) | 10 (8jr) | 45 | 68 (8jr) | 27 (8jr) | 36(60%) | 18 (8jr) | 18 (7jr) | 15 | 8 | 7 (8jr) |
| | Tweede | 19 | 15 | 49 | 69 (8jr) | 46 | 60(100%) | 25 | 18 (7jr) | 15 | 8 | 7 (8jr) |
| | Verskil | +4 | +5 | +4 | +1 | +19 | +24(40%) | +7 | 0 | 0 | 0 | 0 |

* By alle prestasies onder normvlak is die ouderdomsekwivalent of die persentasie van die behaalde telling in hakies aangedui.

Gevolgtrekkings uit tabel 6.20,p.205:

* *Ballardtoets*

Die telling vir optel- en aftreksomme het normvlak tydens die tweede meting weerspieël, waar die proefpersoon aanvanklik in albei gevalle die verwagte prestasie vir 'n agtjarige behaal het.

* *Lees- en speltoetse*

Leesvermoë en leesspoed het verbeter hoewel die proefpersoon ten opsigte van leesspoed nog 'n agtjarige se prestasie gelewer het. 'n Aansienlike verbetering het ten opsigte van spelling ingetree en die normvlak is tydens die tweede meting oortref, hoewel hy slegs 'n agtjarige se prestasie tydens die eerste meting gehandhaaf het.

* *Perseptuele toetse*

Die telling vir ouditiewe diskriminasie het tydens die finale toetsing met 40% gestyg en die proefpersoon het daardeur nou 100% hierin behaal. Die enigste afdeling van die visuele persepsietoets van Frostig waar 'n verbetering met die tweede meting aangetref word, is in oog-handkoördinasie, waar normvlak nou bereik is. Ten opsigte van voorgrond-agtergrondonderskeiding en die verhouding van voorwerpe in die ruimte toon die proefpersoon steeds dieselfde agterstand as voorheen, naamlik dat hy ten opsigte van eersgenoemde die verwagte punt vir 'n sewejarige en ten opsigte van laasgenoemde die verwagte punt vir 'n agtjarige behaal het. Vormwaarneming en posisie in die ruimte het konstant en op normvlak gebly.

(d) *SELFONTWERPTE TOETSE*

Die resultate van die selfontwerpte toetse word in tabel 6.21,p.207 uiteengesit.

TABEL 6.21

RESULTATE VAN SELFONTWERPTE TOETSE: PROEFPERSOON G

| | METING | AFDELINGS WAARIN TOETSE GEDOEN IS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Leestoets | | | | OUDITIEWE ASPEKTE | | | | VISUELE ASPEKTE | | | | | | |
| | | Leesvermoë | Begrip | Spelling | Rekenvaardigheid | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van klanke | Analise en sintese | Diskriminasie | Geheue | Opeenvolging van letters | Analise en sintese | Voorgrond- agtergrondonderskeiding | Kleuronderskeiding | Skrif |
| PROEFPERSOON G | Maksimum | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| | Eerste | 6 | 7 | 6 | 8 | 10 | 10 | 7 | 5 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 5 |
| | Tweede | 8 | 8 | 8 | 8 | 10 | 10 | 7 | 7 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 10 | 8 |
| | Verskil | +2 | +1 | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | +2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | +3 |

Afleidings wat uit hierdie tabel gemaak kan word, is dat die punte vir skrif met 30% en die punte vir spelling, leesvermoë en ouditiewe analise en sintese elk met 20% gestyg het. Leesbegrip het 'n 10%-verbetering getoon.

(e) *SAMEVATTING*

As gevolg van herhaalde afwesighede en die feit dat sy huiswerk nie getrou gedoen is nie, het Proefpersoon G nie die hele program in die beskikbare tydperk kon deurwerk nie. As die hoeveelheid werk wat hy wel bemeester het in ag geneem word, was die vordering wat hy na afloop van die terapie getoon het tog die moeite werd, aangesien sy konsentrasievermoë 'n besliste verbetering getoon het. In die spesifieke proef-

persoon se geval sou dit beter gewees het as hy die terapielesse oor 'n langer tydperk kon ontvang, sodat die hele program deurgewerk kon word.

Die feit dat die verbetering wat voorgekom het in afdelings was waaraan aandag in die terapieprogram geskenk is, en dat dit juis tydens en direk na die aanbieding daarvan voorgekom het, kan daarop dui dat die verbetering met die terapieprogram verband hou.

## 6.3 RESULTATE VAN INDIVIDUELE MUSIEKTERAPIEPROGRAM

### 6.3.1 STYGING IN VAKPUNTE

Om te probeer bepaal in watter vakke die meeste by die terapieprogram baat gevind is, is die verbetering van die akademiese prestasie van die individuele proefpersone na afloop van die terapie-aanbieding in tabel 6.22 byeengebring.

TABEL 6.22

SAMEVATTING VAN VERBETERING VAN AKADEMIESE PRESTASIES VAN ALLE PROEFPERSONE

| PROEFPERSONE | VAKKE | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | AFRIKAANS | | | | Engels: Mondeling | Wiskunde | Omgewingsleer | Godsdiens | Skrif | Kunsopvoeding |
| | Lees | Mondeling | Spelling | Taal- en Stelwerk | | | | | | |
| A | +2,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 |
| B | 0,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| C | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 |
| D | +2,0 | +2,0 | +1,0 | 0,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| E | +1,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 |
| F | +2,0 | 0,0 | +2,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | 0,0 | 0,0 | +2,0 | 0,0 |
| G | +1,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | +1,0 | 0,0 | +2,0 | +1,0 | +1,0 | +1,0 |

\+ = verbetering van prestasie

Uit hierdie tabel blyk dit dat ses van die sewe persone 'n verbetering ten opsigte van lees en Wiskunde getoon het. In lees het drie van die proefpersone hulle prestasie met 40% elk opgeskuif en die ander drie met 20% elk. In Wiskunde het net een proefpersoon se punt met 40% gestyg. Die ander wie se punte wel gestyg het, het 'n verbetering van 20% getoon. Ten opsigte van spelling en skrif het vyf

van die sewe proefpersone verbetering ondervind. In spelling het net een persoon 'n 40%-styging en die ander vier elk 20%-stygings getoon. Twee proefpersone het in skrif verbeter met 40% elk en die ander drie met 20% elk. In die ander vakke waar wel ook verbetering voorgekom het, is dit persentasiegewys heelwat minder as in bogenoemde vier vakke.

Samevattend kan dus vermeld word dat die vakke wat die meeste by die terapielesse baat gevind het (in volgorde ten opsigte van prestasie) lees en Wiskunde was, en daarnaas skrif en spelling. Hierdie vier vakgebiede is juis in hoofstuk twee as die gebiede waarin spesifieke leerprobleme ontstaan, uitgewys (vgl. par. 2.5).

### 6.3.2 AANDAGSKONSENTRASIE

Hoewel individuele proefpersone elk verskillend op die terapieprogram gereageer het, lê - volgens die verslae van die klasonderwyseresse - 'n baie groot bate van die program daarin dat dit al die proefpersone se aandagskonsentrasie positief beïnvloed het.

Die terapeut het individueel met elke proefpersoon gewerk en elkeen was in die aanbieding van die program geïnteresseerd. Die program is juis só beplan en saamgestel dat proefpersone se aandag stelselmatig langer op 'n keer betrek is, totdat hulle 'n hele klavierstuk deur moes konsentreer om dit korrek te kon weergee.

Indien die proefpersone se aandag wel terwyl hulle gespeel het afgedwaal het, het hulle verkeerd gespeel en kon hulle dit self hoor, regstel en probeer om voortaan beter te konsentreer.

### 6.3.3 DISKRIMINASIE, GEHEUE EN OPEENVOLGING

Die proefpersone moes deurgaans konsentreer op dit wat hulle sien, uitvoer/voel en gelyktydig daarmee hoor. Dit het hulle aangemoedig om beter te KYK, te LUISTER en meer akkuraat MOTORIES UIT TE VOER, met ander woorde om meer sintuie gelyktydig sinvol vir die verkryging van beter resultate te benut. Die program het dus ouditiewe en visuele diskriminasie, geheue en opeenvolging van klanke en letters/syfers by die proefpersone ingeskerp.

### 6.3.4 LEES- EN SPELVERMOë

Die beginsel van links-regsoogbeweging wat in spelling en lees voorkom, word deur die vertolking van musieknotasie benadruk, wat boonop ook teen 'n vasgestelde tempo tydens motoriese uitvoering van links na regs gelees word.

Verskillende geskrewe toonhoogtes in musieknotasie moet op die klavier teen die aanvangstempo gevind word en dit dwing die proefpersoon om te konsentreer op posisie in die ruimte, asook opeenvolging van klanke en note en besliste konsentrasie op onderskeiding en die vertolking van voorgrond en agtergrond.

Die feit dat die terapeut altyd teenwoordig was om reg te help en aan te moedig het die proefpersone se deursettingsvermoë in hierdie aktiwiteite aangewakker.

Al bogenoemde gebeure het die proefpersone doelgerig laat probeer bybly tydens hulle klavierspel en dieselfde proses en inspanning sal waarskynlik daarna herhaal kan word wanneer hulle lees en spel. Die afleiding kan dus gemaak word dat die program oor die vermoë om betrokkenes se lees- en spelvermoë te bevorder, beskik (vgl. tab. 6.22,p.209).

## 6.3.5 SKRIF

Oefening in fyn spierbeheer en -koördinasie, asook oog-handkoördinasie in klavierspel het die moontlikhede van elke proefpersoon geoefen en verbeter, wat hulle skrif positief beïnvloed het (vgl. tab. 6.22,p.209).

Skryfspoed het veral verbeter, waarskynlik as gevolg van die feit dat 'n musiekstuk wat begin teen 'n bepaalde spoed deurgaans teen dieselfde egalige spoed voltooi moet word om daarmee sukses te behaal.

## 6.3.6 REKENVERMOë

Hoewel daar meer spesifiek aandag aan onderafdelings van skrif, spel en lees self in die individuele musiekterapieprogramme geskenk word as wat ten opsigte van die afdelings van rekenvaardighede die geval is, kan sodanige programme tog 'n invloed op die rekenvermoë en rekenvaardighede van proefpersone uitoefen. Daar word byvoorbeeld in musieknotasie op die beginsel van breuke om die nootwaardes van mekaar te onderskei, gewerk.

Die feit dat die konsentrasievermoë en die verbetering van visuele en ouditiewe diskriminasie en geheue beklemtoon is, en dat 'n konstante werkspoed ook by die leerlinge aangewakker is, het 'n meer akkurate skryfvermoë wat die hele werksinstelling van proefpersone positief behoort te beïnvloed, tot gevolg gehad. Hierdie verbetering het ook die bereidwilligheid van die betrokke persone om alle nuwe werk insluitende Wiskunde aan te durf, beïnvloed (vgl. tab. 6.22, p.209).

## 6.3.7 ENGELS

In die samestelling van hierdie terapieprogram is geen spesifieke voorsiening vir die verbetering van Engels gemaak nie, aangesien in standerd een net mondelinge werk

in Engels gedoen word. Dit is opvallend dat dit juis 'n vak is waarin relatief min vordering deur proefpersone gemaak is. In die ander vakke het hulle opvallende vordering soos reeds uiteengesit en bespreek in tabel 6.22,p.209, getoon.

Hoewel die klasgemiddeld gedurende die periode van terapie-aanbieding vir Engels gestyg het, het van die proefpersone se punte vir Engels konstant gebly wat tot gevolg gehad het dat hulle in werklikheid 'n groter agterstand ten opsigte van die klasgemiddeld na afloop van die terapieprogram getoon het (vgl. tabelle 6.1,p.144; 6.4,p.154 en 6.7,p.164).

### 6.3.8 SELFBEELD

Aldus die verslae van klasonderwyseressse het die feit dat die proefpersone elk individuele aandag, hulp en gereelde aanmoediging van die terapeut verkry het, asook die feit dat geleenthede geskep is vir hulle om ruimskoots sukses te kon ervaar in hulle eie pogings, elkeen se selfbeeld positief beïnvloed. Hierdie verbetering het weer tot gevolg gehad dat hulle selfvertroue verhoog het, wat die benadering van hulle daaglikse skoolwerk beïnvloed het en uiteindelik 'n direkte positiewe invloed op alle afdelings van hulle skoolwerk tot gevolg gehad het. Die mate van vordering het natuurlik as gevolg van individuele verskille van persoon tot persoon gewissel.

## 6.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die verloop van die terapieprogram asook die resultate wat elke persoon daarop getoon het in al sewe die proefpersone se gevalle individueel uiteengesit.

Daarna is 'n algemene samevatting van die belangrikste resultate verstrek.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting asook gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek as geheel aangebied word.